**die oëdienaar gee op**
*'n kakawin*

ek kom van 'n string mense wat hulle self nie ken nie wat hulle bloedlyn
moet verbeel hanskinders ek het besluit hier in jou grot bestel ek
'n geelbek 'n glas droë witwyn en lees die woorde: die laaste strandloper
hoe word 'n mens 'n laaste? ek het jou in my in- en my uit my uitgeskryf

nou kom jy met die aantyging dat ek jou 'n mite probeer maak
dat ek jou 'n stalagmiet probeer maak my woorde drup jou vas
in 'n soliede kalsietkolom die waarheid is
bientang ek gebruik jou om vir my 'n heenkoms te skep

ek wil jou nie besing soos 'n strydlied nie ek weier
om jou te besing as 'n slaaf jy forseer my in verbastering
want jy moet 'n quena kumm-slaaf wees in
tweeduisend en twintig is baster wees nie 'n vrybriefnasie nie

is jy chainouqua kumm khoi kan ek veertigduisend jaar se bestaan omwis
vir grond ek het vir so lank !kun-woorde versamel en in jou tong ingebou
nou spoeg jy dit een vir een uit wat moet ek nou maak jy skil af op papier
om duinghwarrie te wees is om inheems te wees soos boesmansgif

om baster te wees is om oorlams te wees 'n indringerplant 'n lukwart-
boom al wat van jou oor is is onkruid tussen die gras ek moet vrede
maak met my ironiese vel en ophou vrybriewe deur jou aan myself
te skryf ophou dink ek kan daarmee vir my 'n inheemsgeskiedenis koop

sy loop en kam die loperbaai soos die wind die plaat se getyeboek blaai
bientang hoe skryf ek jou klaar is jy nie ook maar net 'n banneling
van 'n ander soort slaweskip as myne nie die digter sit met stersiektes
ek is die argivaris dis ek wat besluit ek sal jou taal bientang

jirre nou begin jy my verbeel my woorde swem terug na my denkbeeld
jy sny jou los van waar ek jou arms die eerste keer in kruisrym geboei het
jou die eerste keer verstroof en jou binnerym uitgehaal het
en daar duik jy woordvry jou eie apokriewe uit

ek staan alleen op die  plaat
ek ontheg jou ek kyk terug
die wind verwelk jou in
het jy ooit gepraat? (Phillips 2020: 61).

**Jolyn Phillips – *bientang* (2020)**

**Stem uit die spelonk**
*o cranc onseker broosch enghien,*
*snee of glas als dijn nature!*

Hoeveel jare leef ek reeds in hierdie holtes
van die aarde, in dié swart lug, by swart waters;
my baard en hare lank, my naels half omgekrul
stap ek langs die lys tussen die geraamtes:
skedels, heupbene, skenkels, leef met dodes?
Die hemeltinne laat vlermuise op my mis.

Vroeër was ek masjinis … Waar is my enjin,
ou Bertha, nou? … Het in waens swart passasiers
moes sleep, toe sy skielik uit haar spore spring,
hulle my gryp en in die spleet van die spelonk ingooi.
My liggaam stukkend met die koperreuk van bloed,
deur U gered – hulle het gedink getoor,
my daarom deur die jare heen gevoed, versoek
om die boodskap van die geeste en die bene oor te dra.
Op hierdie lys kruip ek nou handeviervoet
'n Nebukadneser rond en bulk my boodskap!

"Ek het gesondig teenoor julle donders,
maar in hierdie donker holtes afgesonder
leer ek nou ook ander wonders ken:
die groei van wortels, migrasie van vlermuise,
die blinde paddas, blinde visse, swart varings,
swart naaldekokers, swart blomme wat uit rowe groei,
die stil van die skaduwees, skadumense
waar ek met skadubeeste van die onderwêreld wei."

As seun het ek gespeel met lat en draadbril
leë paraffien- en vrugtekissies les gegee
of in die swart spoorwegjas van Pa,
soos ons reisende Eerwaarde, sag gepraat
en dan geskel op houtkoppe, dat hulle
in die hel sal brand. My wens is vervul:
ek is nie meer masjinis, moet nou praat en preek.

"Nee, Kind, hou die spoorwegpolisie van my weg,
gaan jy ook weg, gaan na die gesin en vriende,
vertel jou broers en susters ek is geen vader,
vertel jou moeder ek is geen eggenoot,
ek ken geen vriende, ken geen politiek of kerk,
ek is geen mens, my werk is net 'n lang nagskof,
ek is spelonk: klam longe en 'n strottehoof,
stembande, tong, tande, en verhemelte -
met sibilante stroom en gutterale gloed
is die ek binne my ek uitgewis,
ek is asemhaling van die skepping ‚stilte / klank."

"Swart broers, ons was oor die hele land 'n boom
wat almal voed: voëls, wurms en wildsbokke,
maar julle het ons afgekap, tog bly ons / ek:
molm fosfor, gloeiende erdwurms, rooi paddastoele -
word in hierdie duisternis vol lig en vlam.
Die Allerhoogste sal oor die baasskap van die mens
besluit, dit gee aan wie Hy wil … miskien
aan dié wat naaste aan die aarde is."

"Ek word oud, my hare lank soos arendvere,
my naels soos dié van voëls; ek dank die Here
my verstand het teruggekom, ek kan herstel.
Gooi weg die klippe, en vervloek geweld."
"Krap die hoop steenkool langs die enjin weg."
"Hier lê hy halfgaar. Van Tonder, die drywer."
"Met eie steenkool hom gestenig, die swernote."
"Ag, Dokter, dink u hy het lank gely?"
"Nee, Mevrou. Hy is oombliklik dood."

**D.J. Opperman – *Edms. Bpk.* (1970)**

**Uit: "redekawel"**

Ek wil gepor, gekneus en oopgeruk word
deur ander maniere van dink       ek wil
beheer opgee, my uitkyk ontwrig, al
my sekerhede moet skipbreuk ly     ek
wil in 'n deurlatende vel stap, my oorgee
       aan wat anderkant 'ek is' leef -
sonder dié permanente haag
van mag en 'n pantser van blinde ekheid

**Antjie Krog – *Plunder* (2022)**

**Alkant selfkant**

'Skuinstes klip' en 'dryfsels mis' het Philander
by oom Daantjie, oupa Freek en talle ander
in die Hantam geleer om die vure saans,
maar nou word dit bestempel as Oppermaniaans.

**P.J. Philander – *Venster* (1982)**

## Opperman-gedenklesing 18 Oktober 2023

**Digter**

Ek is gevang
en met die stryd
êrens in die ewigheid
op ‘n Ceylon verband

waar al my drange
na ‘n verlore vaderland
my dag na dag geëiland
hou met horisonne en verlange,

en in die geel gloed van die kers
deur die smal poort
van die wonder elke woord
laat skik tot klein stellasies vers

wat groei tot boeg en mas
en takelwerk – en die uiteindelik
reis met die klein skip
geslote agter glas.

**DJ Opperman – *Negester oor Ninevé* (1947)**

**skryfproses as sonnet**

hoe bang het ek geword om poëties baldadig te dink,
om my geliefde rymloos en vormloos te laat uitrank
hoe sku het ek geword om in lote onbevange vers
sy penis onverantwoordelik ysterklaar by die naam te noem

die krimp en los van sy balle by daglig waar te neem
die sagte kurk van sy tepels tot harde stukkies bas
om brutale stuifmeel oor blare te vlek
en argloos sy anus aan my pen te laat bot

maar totaal geïnhibeer deur laboratoriumtoetse en handleidings
bedink ek elke derde nag netjiese stellasies vers, noukeurig
en dimensioneel opgelei, verrassend berym en kosmies met
titels bemes

en uiteindelik: ryp gekwatryn, onpersoonlik met kenners
oor gekweel, word die hele seksdaad nou
’n slim-slimmer ritueel.

**Antjie Krog – *Otters in bronslaai* (1981)**

**Heilige beeste**

Dit is my laaste besit
wat ek bedags langs die Taka verdedig
en snags in die kraal tussen kiepersol en klip:

hulle wat wei
waar die hadida in die noorsboom wag
bo peule, miershoop en gras;

hulle wat afhanklik is
van die bul wat die sand krap
en die reuk van die koei nog vat;

hulle wat afstam
van kuddes deur dansende impi's omring
in die koningskrale van Senzangakona en Dingaan;

hulle my drie drifte:
die aardse, die vrou en die Groot-Groot-Gees
oor die kraal tussen kiepersol en klip.

**D.J. Opperman – *Heilige beeste* (1945)**

**Uit: Shaka**

*Hy* moet
die vegter bly teen stamme op die aarde,
vir gees na gees tot by Unkulukulu
wat die sterre en die riet geskape het
en uit die riet die mens; Sy taak voltooi,
eenkant gaan woon, geslote en alleen (Opperman 2015: 71).

**D.J. Opperman – *Heilige beeste* (1945)**

**Uit: *met die oog op môre***

wat ís die ergste vernietiging?
hulle veragting of hulle verbeelding?
hulle hys my op hulle beprys my
maar ek’s kaal ek’s niks meer as die vullishoop van my vel
ek word mikroskopies opgekerf deur wit oë
[…]
ek’s in hulle woorde gemaak van hulle woorde
nou dreun my kop met stemme wat nie myne is nie

**Antjie Krog – *met die oog op môre* (2020)**

Max Lamberty het gesê ’n volk moet ’n aantrekkingskrag ontwikkel; dit lyk asof ons die teenoorgestelde voortreflik beoefen het: ’n sterk wegstotende mag. […] Daar kan besinning kom sodat ons die uitmekaardrywende magte deur namekaarsoekende magte in ewewig hou. Dit beteken dat ons in die toekoms alles in ons vermoë gaan doen om rassespannings te verminder, dat ons nie slegs op ons eie wêreld gesteld gaan wees nie, maar ons én ons kinders die wêrelde van ons medelandgenote intiemer gaan leer ken, dat daar ’n vrugbare geestelike verkeer tussen Afrikaner, Engelsman, Kleurling, Maleier, Indiër en Bantoe gaan wees, ’n wisselwerkende verhouding, dat ons kultuurbeeld meer verwikkeld gaan word, rekening gaan hou met ander kulture, kunswerke. Ons eie gaan ons met minder selfbeskerming en groter selfkritiek beskou sodat ons meer volwasse kan word, die kritiek van ander ook kan verdra.

**D.J. Opperman – *Verspreide opstelle* (1977: 125)**

**Uit: *Joernaal van Jorik***

‘Was daar ’n doel, ’n vae doel en taak
dat ek ’n ruk in hierdie land moes bly?
Ek het aan alles dan te vas geraak
om van sy malva en sy mens te skei.

Tog eensaam tussen die sterre en wiere
dwaal ek, en diep in my dubbele aard,
in paaie wat loop van die kliere,
is ek van geboorte bestem tot verraad.

**D.J. Opperman – *Joernaal van Jorik* (1949)**

ek wou ’n tweede lewe deur jou leef
Lady Anne Barnard, wys jy is moontlik:
blote optekenaar van die daaglikse brood
in ’n era wat alles verander of uitdruklik

’n taal van rewolusie en komplotte weef
slawe bevry adellikes klinies roof
en met jou tog deur die binneland
boere tot die bene kloof

maar uit briewe kom jy voor my staan
hand in sy as ligsinnige dwaas pen
in ink geslepe snob naïewe liberal
deur die nikswerd aan jou sy van standpunt verwen

gearriveer met jou hele frivole lewe sit ek nou berserk
met jou op my lessenaar: as metafoor is jy fôkol werd

**Antjie Krog – *Lady Anne* (1989)**

**die oëdienaar gee op**
*’n kakawin*

ek kom van ’n string mense wat hulle self nie ken nie wat hulle bloedlyn
moet verbeel hanskinders ek het besluit hier in jou grot bestel ek
’n geelbek ’n glas droë witwyn en lees die woorde: die laaste strandloper
hoe word ’n mens ’n laaste? ek het jou in my in- en my uit my uitgeskryf

nou kom jy met die aantyging dat ek jou ’n mite probeer maak
dat ek jou ’n stalagmiet probeer maak my woorde drup jou vas in ’n soliede kalsietkolom die waarheid is
bientang ek gebruik jou om vir my ’n heenkoms te skep

ek wil jou nie besing soos ’n strydlied nie ek weier
om jou te besing as ’n slaaf jy forseer my in verbastering
want jy moet ’n quena kumm-slaaf wees in
tweeduisend en twintig is baster wees nie ’n vrybriefnasie nie

is jy chainouqua kumm khoi kan ek veertigduisend jaar se bestaan omwis
vir grond ek het vir so lank !kun-woorde versamel en in jou tong ingebou
nou spoeg jy dit een vir een uit wat moet ek nou maak jy skil af op papier
om duinghwarrie te wees is om inheems te wees soos boesmansgif

om baster te wees is om oorlams te wees ’n indringerplant ’n lukwart-
boom al wat van jou oor is is onkruid tussen die gras ek moet vrede
maak met my ironiese vel en ophou vrybriewe deur jou aan myself
te skryf ophou dink ek kan daarmee vir my ’n inheemsgeskiedenis koop

sy loop en kam die loperbaai soos die wind die plaat se getyeboek blaai
bientant hou skryf ek jou klaar is jy nie ook maar net ’n banneling
van ’n ander soort slaweskip as myne nie die digter sit met stersiektes
ek is die argivaris dis ek wat besluit ek sal jou taal bientang

**Stem uit die spelonk**
*o cranc onseker broosch enghien,*
*snee of glas als dijn nature!*

Hoeveel jare leef ek reeds in hierdie holtes
van die aarde, in dié swart lug, by swart waters;
my baard en hare lank, my naels half omgekrul
stap ek langs die lys tussen die geraamtes:
skedels, heupbene, skenkels, leef met dodes?
Die hemeltinne laat vlermuise op my mis.

Vroeër was ek masjinis … Waar is my enjin,
ou Bertha, nou? … Het in waens swart passasiers
moes sleep, toe sy skielik uit haar spore spring,
hulle my gryp en in die spleet van die spelonk ingooi.
My liggaam stukkend met die koperreuk van bloed,
deur U gered – hulle het gedink getoor,
my daarom deur die jare heen gevoed, versoek
om die boodskap van die geeste en die bene oor te dra.
Op hierdie lys kruip ek nou handeviervoet
’n Nebukadneser rond en bulk my boodskap!

“Ek het gesondig teenoor julle donders,
maar in hierdie donker holtes afgesonder
leer ek nou ook ander wonders ken:
die groei van wortels, migrasie van vlermuise,
die blinde paddas, blinde visse, swart varings,
swart naaldekokers, swart blomme wat uit rowe groei,
die stil van die skaduwees, skadumense
waar ek met skadubeeste van die onderwêreld wei.”

As seun het ek gespeel met lat en draadbril
lee paraffien- en vrugtekissies les gegee
or in die swart spoorwegjas van Pa,
soos ons reisende Eerwaarde, sag gepraat
en dan geskel op houtkoppe, dat hulle
in die hel sal brand. My wens is vervul:
ek is nie meer masjinis, moet nou praat en preek.

“Nee, Kind, hou die spoorwegpolisie van my weg,
gaan jy ook weg, gaan na die gesin en vriende,
vertel jou broers en susters ek is geen vader,
vertel jou moeder ek is geen eggenoot,
ek ken geen vriende, ken geen politiek of kerk,
ek is geen mens, my werk is net ’n lang nagskof,
ek is spelonk: klam longe en ’n strottehoof,
stembande, tong, tande, en verhemelte -

**Uit: “redekawel”**

Ek wil gepor, gekneus en oopgeruk word
deur ander maniere van dink     ek wil
beheer opgee, my uitkyk ontwrig, al
my sekerhede moet skipbreuk ly     ek
wil in ’n deurlatende vel stap, my oorgee
    aan wat anderkant ‘ek is’ leef -
sonder dié permanente haag
van mag en ’n pantser van blinde ekheid

**Antjie Krog – *Plunder* (2022)**

**Alkant selfkant**

'Skuinstes klip' en 'dryfsels mis' het Philander
by oom Daantjie, oupa Freek en talle ander
in die Hantam geleer om die vure saans,
maar nou word dit bestempel as Oppermaniaans.

**P.J. Philander – *Venster* (1982)**

jirre nou begin jy my verbeel my woorde swem terug na my denkbeeld
jy sny jou los van waar ek jou arms die eerste keer in kruisrym geboei het
jou die eerste keer verstroof en jou binnerym uitgehaal het
en daar duik jy woordvry jou eie apokriewe uit

ek staan alleen op die  plaat
ek ontheg jou ek kyk terug
die wind verwelk jou in
het jy ooit gepraat? (Phillips 2020: 61).

**Jolyn Phillips – *bientang* (2020)**

met sibilante stroom en gutterale gloed
is die ek binne my ek uitgewis,
ek is asemhaling va die skepping ‚stilte / klank."

"Swart broers, ons was oor die hele land 'n boom
wat almal voed: voëls, wurms en wildsbokke,
maar julle het ons afgekap, tog bly ons / ek:
molm fosfor, gloeiende erdwurms, rooi paddastoele -
word in hierdie duisternis vol lig en vlam.
Die Allerhoogste sal oor die baasskap van die mens
besluit, dit gee aan wie Hy wil … miskien
aan dié wat naaste aan die aarde is."

"Ek word oud, my hare lank soos arendvere,
my naels soos dié van voels; ek dank die Here
my verstand het teruggekom, ek kan herstel.
Gooi weg die klippe, en vervloek geweld."
"Krap die hoop steenkool langs die enjin weg,"
"Hier lê hy halfgaar. Van Tonder, die drywer."
"Met eie steenkool hom gestenig, die swernote."
"Ag, Dokter, dink u hy het lank gely?"
"Nee, mevrou. "Hy is oombliklik dood."

**D.J. Opperman – *Edms. Bpk.* (1970)**